HOËRSKOOL RANDBURG

21 September 2022

ALGEMENE OMSENDBRIEF NO. 21 VAN 2022

Geagte Ouers / Voogde

HANDBOEKBESTELLING 2023: GRAAD 9 - 12

Elke graad het 'n graad- en vakgebaseerde handboeklys van leermateriaal wat die leerders in 2023 gaan benodig. Hierdie handboeklys is op D6 Connect (Bronne/Vorms) in 'n *Google*-vorm formaat beskikbaar. Alle handboeke MOET op die *Google*-vorm bestel word.

Verbruikbare items soos skrifte, papier en skryfbehoeftes word aangedui, maar word nie deur die boekwinkel verskaf nie en kan by enige privaat leweransier aangekoop word.

Die sluitingsdatum om handboeke te bestel, is 21 November 2022.

Prosedure van bestelling
U bestelling sal SLEGS verwerk word sodra die VOLLEDIGE betaling ontvang is.

1. Elektroniese bestelling
Volg die onderstaande skakel vir die **graad waarin die leerder in 2023** gaan wees en voltooi die vorm volledig. U sal onmiddellik 'n e-pos ontvang met die volledige bestelling en bedrag betaalbaar (Geen vorms is nodig om uit te druk en na die skool te stuur of e-pos nie.)

- Gr 9: https://bit.ly/3DtjbfU
- Gr 10: https://bit.ly/3Q9dUTe
- Gr 11: https://bit.ly/3xvVAHU
- Gr 12: https://bit.ly/3RT8YSK

2. Bruikhuur van GDO-boeke: (Gautengse Departement van Onderwys)
Boeke wat van Gauteng Departement van Onderwys ontvang is, word aan leerders teen 'n huurfooi van **R300.00** per jaar voorsien. Dié boeke bly die eiendom van die skool en word weer aan die einde van die jaar aan die skool terugbesorg. Geen merke mag in die boeke gemaak word nie. Indien 'n GDO-bruikhuurboek verlore raak of beskadig is, sal die leerder die boek teen die vervangingskoste moet vervang.

3. Betalings kan op die volgende drie wyses hanteer word:

D6 Connect – Geen bewys van betaling is nodig om te stuur nie.

Bankbetaling in die skoolrekening met verwysing as volg:

ABSA

Takkode Randburg 632005

Tjekrekening 170 680 065

VERWYSING BW, Leerder Toelatingsnommer, Naam – (DIT IS UITERS BELANGRIK OM DIE REGTE VERWYSING TE GEBRUIK)

E-pos die bewys van betaling SLEGS aan **hsfinans@mweb.co.za – en geen ander e-pos adres nie. Slegs EEN e-pos na die skool per bestelling, asb**.

Kontant- of kaartfasiliteite is by die skool se finanskantoor beskikbaar.

4. Lewering van boeke

Ons aanvaar nie die verantwoordelikheid vir laat aflewering of onvoorsiene gebeure by Die leweransiers nie. Ons moedig u aan om u bestelling betyds voor **21 November 2022,** te plaas om die risiko van laat aflewerings te beperk. Boeke word in Januarie 2023 tydens skoolure aan leerders uitgereik.

5. Afrolpapier

Hoërskool Randburg vra asseblief steeds een (1) riem fotostaatpapier van elke leerder vir die nuwe jaar. Help, asseblief!

Dankie vir u begrip en samewerking. Deur van hierdie diens gebruik te maak, word groot besparings teweeg gebring.

Randjiegroete

LENÉ KNOETZE
FINANSIES

P. BOOYSEN
HOOF